

Vrydag 31 Maart

Skrifgedeelte: Openbaring 22: 6-21

Fokusgedeelte: Openbaring 22:17 (AFR83)

Die Koning getuig en die koningskinders sien verlangend uit: Kom, Here Jesus!

Soms is ons so vasgevang in die oortuiging van 'n geslote kanon met vers 18 as bewysteks dat ons geloofslewe heeltemal geïsoleer word. Kom ons verduidelik. Die oortuiging van 'n geslote kanon is die gedagte dat die Bybel, die Woord van die Here, afgehandel is. Daar kan geen nuwe openbarings bygevoeg word nie. Die bewysteks uit vers 18 spreek dan die oordeel uit oor mense wat dit waag doen. En natuurlik is dit die ware Gereformeerde oortuiging.

Maar soms fokus ons soveel hierop dat ons die geloof in sy totaliteit veilig in die verlede los. Veilig weggebêre, is dit iets in die geskiedenis wat die moderne mens maklik net toedig aan vroeër era, wat vandag irrelevant geword het.

Dit is egter nie die boodskap in vers 17 nie. Vers 17 se boodskap is ook duidelik gerig aan mense wat dors is. Met ander woorde ook die mense wat dors en honger na geregtigheid (Matt. 5:6). Mense wat nie die huidige stand van sake as die volmaakte einde wil aanvaar nie. Hierdie mense is die bruid van die Lam, met ander woorde ons. Ons, die gemeenskap van die gelowiges, en ons moet uitsien soos 'n bruid na haar huweliksdag uitsien. Die Heilige Gees werk hierdie verlangende uitsien in ons. Dit waarna ons uitsien, is die wederkoms, die huweliksdag met die bruidegom. Hierdie verlange is so groot dat ons uitroep: Kom, kom tog gou! in vers 17.

Uiteindelik stuur hierdie laaste paar verse van die Bybel nie soseer af op 'n punt nie, maar eerder 'n komma. Nie 'n komma waaragter mense bloot hulle gedagtes kan gaan inskryf nie, maar 'n komma waaragter die Here Self die bruilof met die Lam gaan kom inskryf. Sien ek en jy nog uit hierna elke dag, elke oomblik?

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)